NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA
Sinode van Wes-Kaapland
SINODALE KANTOOR
De Langestraat 5
BELLVILLE
7530
Privaat sak X8
BELLVILLE
7535
PBO: 9300 13251
T 021 957 7100
E ngkadmin@kaapkerk.co.za
www.kaapkerk.co.za

26 April 2018

KENNISGEWING VAN SINODEVERGADERING

Aan al die voorsitters van kerkrade en predikante in die Sinode van Wes-Kaapland.

Geagte kollega

1. **KENNISGEWING**
   Reglement 25 van die Sinode van Wes-Kaapland bepaal dat kerkrade minstens 'n jaar voor die tyd in kennis gestel word van 'n gewone sinodevergadering. Die moderamen het reeds in Augustus 2017 hieroor 'n besluit geneem.

   Ontvang dus hiermee amptelik kennis van die 48ste sinodevergadering van die NG Kerk in SA wat in sitting sal wees van 13 tot 17 Mei 2019 by die ATKV se Goudini Spa. Hiermee word die vergadering van die Sinode van Wes-Kaapland formeel byeengeroep. Verdere inligting sal mettertyd gestuur word.

2. **AGENDA**
   Die sinodevergadering is 'n vergadering van gemeentes waar in 'n proses van onderskeiding saam gesoek word na die wil van die Here vir die kerk. Daarom is dit vir die moderamen belangrik om die inspraak van gemeentes te verreken in die samestelling van die agenda.

   Elke kerkraad word hiermee versoek om self onderskeidend te besin oor die **vyf belangrikste vraagstukke of temas** wat op die agenda van die sinode moet wees. Hierdie vyf sake moet asseblief teen 1 Augustus 2018 aan die kantoor van die moderatuur (skriba@kaapkerk.co.za) gestuur word. Dit sal die taakspan wat die beplanning van die sinode behartig, in staat stel om al die inligting te verwerk om aan die moderamen voor te lê.

Vriendelike groete

Ds Charl Stander
Skriba van die Sinode
084 234 1155
charl@parke.co.za | skriba@kaapkerk.co.za